



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**RELIGIESTUDIES V1**

**2021**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.**

**AFDELING A (COMPULSORY)****VRAAG 1**

**LET WEL: Gee die kandidate krediet as die korrekte woord in plaas van die letter verskaf is.**

1.1	1.1.1	B ✓	(1)
	1.1.2	D ✓	(1)
	1.1.3	C ✓	(1)
	1.1.4	D ✓	(1)
	1.1.5	A ✓	(1)
	1.1.6	D ✓	(1)
	1.1.7	C ✓	(1)
	1.1.8	B ✓	(1)
	1.1.9	C ✓	(1)
	1.1.10	D ✓	(1)
1.2	1.2.1	Theravada ✓	(1)
	1.2.2	Lewensfases/Lewensstadiums ✓	(1)
	1.2.3	Die Universele Verklaring van Menseregte ✓	(1)
	1.2.4	Opstanding ✓	(1)
	1.2.5	Karma ✓	(1)
1.3	1.3.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kwaker ✓</li> <li>• Die ander is almal Afrika-geïnisiëerde Kerke. ✓</li> </ul>	(2)
	1.3.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ateïsme ✓</li> <li>• Die ander glo aan die geestelike/goddelike. ✓</li> </ul>	(2)
	1.3.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Brahman ✓</li> <li>• Die ander hoort by Boeddhisme. ✓</li> </ul>	(2)
	1.3.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Psalms. ✓</li> <li>• Die ander is soorte stories/leringe. ✓</li> </ul>	(2)
	1.3.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sudras ✓</li> <li>• Die ander hoort by Islam/die Vyf Pilare van Islam. ✓</li> </ul>	(2)

**LET WEL: Gee die kandidate krediet as die korrekte woord in plaas van die letter verskaf is.**

1.4	1.4.1	C ✓	(1)
	1.4.2	D ✓	(1)
	1.4.3	A ✓	(1)
	1.4.4	G ✓	(1)
	1.4.5	F ✓	(1)

- 1.5 1.5.1 Onwaar ✓  
Hy het 'n heliosentriese siening van die wêreld gehad. ✓ (2)
- 1.5.2 Waar ✓✓ (2)
- 1.5.3 Onwaar ✓  
Die interpretasie van die heilige tekste van 'n godsdiens word hermeneutika genoem. ✓  
Pluralisme is 'n stelsel wat meer as een grondbeginsel erken of meer as een godsdiens aanvaar. (2)
- 1.5.4 Onwaar ✓  
Die siele gaan Hemel/na die Paradys toe. ✓ (2)
- 1.5.5 Onwaar ✓  
Friedrich Engels. ✓ (2)
- 1.6 1.6.1 • Doen aan andere soos wat jy wil hê ander moet aan jou doen. ✓  
• Dit kom in verskillende godsdienste voor, bv. die Christelike godsdiens, Confucianisme. ✓  
• Dit is egter 'n algemeen aanvaarde beginsel, nie noodwendig uit godsdiens nie. ✓  
**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)
- 1.6.2 • Dit behels 'n reis deur die pelgrim met 'n geestelike doelwit. ✓  
• Dit kan alleen of saam ander onderneem word. ✓  
• Dit sluit dikwels 'n besoek aan 'n heilige terrein in. ✓  
**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)
- 1.6.3 • Dit is die naam vir God in Judaïsme. Dit word ook deur Christene gebruik. ✓  
• Jode glo Jahweh het 'n heilige verbond met hulle gesluit. ✓  
• Jahweh is God van die hele skepping (universalisme) en God van Israel (partikularisme). ✓  
**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)
- 1.6.4 • Die voorvaders is tussengangers tussen die fisiese en geestesryk. ✓  
• Hulle is die lewende dooies In ATG. Hulle sien om na die welstand van die lewendes in die Afrika Tradisionele Godsdiens. ✓  
• Hulle is die Skepper se boodskappers en hulle sien om na die fisiese wêreld.  
**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)
- 1.6.5 • Dit is basiese regte waarop alle mense geregtig is eenvoudig omdat hulle menslike wesens is. ✓  
• Dit is op die waardigheid van die mens gebaseer. ✓  
• Belangrike dokumente is die Verenigde Nasie se Universele Verklaring van Menseregte (1948) en die Handves van Regte in die Suid-Afrikaanse Konstitusie (1996). ✓  
**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 2**

- 2.1      2.1.1      • Daar is baie kerkverbande in die Christelike godsdiens, soos die Baptiste, Metodiste en Anglikane.  
• 'n Kerkverband is 'n groep of kerk, gewoonlik binne die Christelike, maar deesdae word dit op ander godsdienste ook van toepassing. (2)
- 2.1.2      • Godheid verwys na 'n god of godin.  
• 'n Godheid is 'n wese wat deur mense aanbid word omdat hy/sy as bo die menslike vlak beskou word. (2)
- 2.1.3      • Dharma is die weg van die Hoër Waarheid in Boeddhisme./Hindoeïsme  
• Dit is die leringe en leerstellings (doktrines) van die Boeddhistiese/Hindoeïstiese godsdiens. (2)
- 2.1.4      • Nagmaal is die brood wat by Christen-vereringsrituele geëet word ter nagedagtenis aan die dood van Jesus Christus.  
• Dit is 'n seremonie wat op Jesus se laaste maaltyd saam sy dissipels gebaseer is. (2)
- 2.1.5      • 'n Lering met absolute gesag in 'n godsdiens staan as 'n dogma bekend.  
• 'n Dogma is 'n lering wat nie betwisbaar is nie. (2)
- 2.1.6      • 'Vergelykbaarheid' verwys na die studie van ooreenkomste en verskille tussen godsdienste. (2)

**LET WEL: By 2.1.1–2.1.6 moet ander relevante antwoorde krediet kry.**

2.2 **JUDAÏSME**

- Die Jode het 'n verbond met God gesluit.
- Die Tien Gebooe is direk deur God aan Moses onthul.
- Die Jode was die eerste godsdienstige groep om 'n spesiale dag van aanbidding waar te neem.

**DIE CHRISTELIKE GODSDIENS/CHRISTENDOM**

- Die hart van die Christelike godsdien is die geloof in Jesus Christus as die Seun van God (Inkarnasie/Menswording).
- Geloof in die Drie-eenheid is 'n kern-/unieke lering oor godheid in die Christelike godsdien.
- Daar is drie persone in een God – die Vader, Seun en Heilige Gees.

**ISLAM**

- Die fundamentele oortuiging is die Shahada – dat daar geen God is nie, net Allah en Mohammed is Sy Profeet.
- Allah het die finale waarheid aan die Profeet Mohammed onthul.
- Islam erken al die boodskappers van God, vanaf Adam tot Profeet.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(12)

2.3

2.3.1

- Eenheid beteken 'een(s) met' of 'in ooreenstemming'.
- Die Christelike godsdien en Hindoeïsme is 'eens/stem saam' want beide het 'n geloof oor die hiernamaals (lewe na dood).
- Uniek beteken 'enig in sy soort', iets wat slegs aan die een godsdien eksklusief behoort. Hierdie godsdienste het hulle eie 'unieke oortuigings' oor die hiernamaals.

(4)

2.3.2

<b>DIE CHRISTELIKE GODSDIENS</b>	<b>HINDOEÏSME</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die Christelike godsdien is 'n monoteïstiese godsdien wat in 'n enkele skepper God glo.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hindoes glo daar is slegs een uiteindelijke realiteit, maar baie weë om dit te bereik. Dit is panteïsties (glo aan baie gode wat oral in die natuur voorkom).</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Christene glo dat Jesus die Joodse profesie van 'n Messias vervul het, dat hy 'n universele redder is.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hulle glo in karma dat elke handeling 'n gevolg het, wat of goed of sleg is.</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Christene glo dat die mens uit liggaam en siel bestaan. Hulle glo dat wanneer die liggaam sterf, die siel die liggaam verlaat en by gaan God gaan woon.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hindoeïsme word onderlê deur die geloof in reïnkarnasie.</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Christene glo mense word gebore met 'n neiging om sondig te wees. God het mens geword in Jesus om te wys hoe om weer op die spoor te kom.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dharma – die geloof in 'n orde in die hele bestaan. Elke mens moet die beginsels volg wat vir hom/haar uiteengesit is om orde in die heelal te handhaaf.</li> </ul>

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

**Die korrekte**

**response moet krediet kry selfs as dit nie getabuleer is nie.**

**'n Maksimum van 8 punte mag toegeken word as relevante feite slegs van een religie gegee word.**

(12)

- 2.3.3
- Swami Vivekananda het in 1893 die eerste Parlement van die Wêreld se Godsdienste (PWR) in Chicago bygewoon.
  - Hy het 'n indruk gemaak want sy praatjies het gehelp sodat Westerse mense Hindoeïsme beter verstaan het; hulle het hulle houding daarteenoor verander.
  - Hy kry krediet vir die bring van Vedantiese denke (begrip van die Vedas en Hindoeïsme) na Amerika.
  - Hy het die Ramakrishna Mission gestig, wat internasionaal met onderwys-, mediese en welsynkwessies werk.
- (6)
- 2.3.4
- Wanneer buitelanders na 'n land toe kom en oor die inheemse mense heers, staan dit as kolonisasie bekend.
  - Die kolonialiseerders bring ook hulle godsdienste saam hulle en bevorder dit onder die plaaslike mense.
  - Die plaaslike mense internaliseer die waardes van die kolonialiseerders, godsdienste ingesluit. Dit is godsdienstige kolonialiseerders.
- (4)

**[50]**

**VRAAG 3**

- 3.1 3.1.1 • Dit beteken nie 'opvoeding', wat positief is, nie.  
• Dit beteken eintlik 'breinspoeling', indoktrinasie, met 'n negatiewe konnotasie. (2)
- 3.1.2 • Voorskoolse instansies word as 'gevangeniskampe' beskryf.  
• Dit wys hulle in 'n negatiewe lig.  
• Boeke en literatuur oor Uyghur kultuur.gebedsmatte, tulbande, en die groei van 'n baard is alles verbode.  
• Dit toon die anti -Uyghur /anti- Moslem standpunt van die Chinese regering. (4)
- 3.1.3 • Dit beteken beroepsopleiding./Indoktrinasie (2)
- 3.1.4 • Aanmoedig/Oortuig ander om te doen wat verkeerd is. (2)
- 3.1.5 • Die vertoon van godsdienstige identiteit (tulbande, baarde, ens.) word verbied.  
• Die Uyghur-mense word fyn deur die veiligheidsmagte dopgehou.  
• Kinders word van hulle families geskei en in 'heropvoedingskampe' geplaas. (4)
- 3.1.6. • Die vertalings sal die posisie van die 'CCP' in die buiteland bevorder.  
• Hierdie sal hulle handelsbeperkings teen China ophef.  
• Die beleidsdokument is egter ook vir China.  
• Die vertalings is bedoel om negatiewe mediadekking van Uyghur-kampe teen te gaan. (4)
- 3.1.7 • Dit buit die stereotipering, dat Moslems terroriste is, uit.  
• Dit veralgemeen dat alle Uyghur-mense militant is.  
• As mense eers 'terroriste' genoem word, verloor hulle hulle basiese menseregte.  
• Die regering kan dan hulle straf regverdig. (4)
- 3.1.8 • Die kampe word gestig om terrorisme/ekstremisme te voorkom.  
• Dit sal gemoderniseer word.  
• Die Uyghur-mense sal beroepsvaardighede ontwikkel.  
• Dit is om separatistiese bewegings te voorkom, daarom die streng beperkings op die Uyghur-kultuur.  
• Hulle moet die Chinese taal aanleer. (6)
- 3.1.9 • Bron A is 'n onafhanklike bron, terwyl Bron B is pro-regering.  
• Daarom is A meer betroubaar, dit verskaf nuus.  
• Bron B is op die beleidsdokument wat regeringspropaganda is.  
• Bron B gebruik opruiende taal, soos 'terroris' en 'ekstremis'.  
• Bron A word deur Bron B ondersteun want die regering erken indoktrinasie.  
• Bron B blameer die Uyghurs vir hulle penarie. Dit is soos om die slagoffer vir die misdaad te blameer. (8)

- 3.2
- Die media kies watter nuus om in te sluit en wat om uit te laat.
  - Dit kies ook die prominensie en klem om aan 'n spesifieke item te gee – waar om dit in die verslag te plaas, hoeveel tyd/ruimte om daaraan te gee, hoe om dit voor te lê.
  - Nog 'n belangrike invloed is die kies van die visuele beelde wat die nuusitems vergesel.
  - Die kommentaar wat die nuus vergesel word deur die mediahuis saamgestel.
  - Die advertensies wat in die media geplaas word, vorm ook publieke opinie.
  - Die media het 'n groot invloed op die keuse van die mense met wie onderhoude gevoer word of aangehaal word. Daar moet kennis geneem word van wie se stem of mening aandag kry.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(6)

3.3

**JA**

- Baie godsdienste het haar eie publikasies, radio en televisiestasies. Dit word vir propoganda gebruik.
- Die SABC saai insiggewende godsdienstige programme uit wat verskeie godsdienste regverdig en billike blootstellingstyd gee.
- Daar is 'n diepsinninge en vermaaklike godsdienstige aspek in baie films, musiekkonserte en gospelmusiek.
- Vir 'n persoon wat geïnteresseerd is, is daar heelwat mediaplekke ('venues') waar jy meer oor godsdiens(te) kan uitvind.
- Vir diegene wat siek of huisgebonde is, of diegene wat enige rede het waarom hulle nie dienste kan bywoon nie, is daar gereelde godsdienstige dienste oor die media, sodat hulle ingesluit kan voel.

**NEE**

- Met betrekking tot die daaglikse nuus, is daar min dekking van godsdienstige sake.
- Wanneer daar godsdienstige dekking in die daaglikse nuus is, neig dit om sensasioneel en negatief te wees.
- Die gemiddelde joernalis/verslaggewer is gewoonlik nie goed opgelei om oor godsdienstige kwessies verslag te doen nie, en daarom is verslagdoening redelik oppervlakkig.
- Vir die persoon wat in godsdiens belangstel, kan jy nie op die gemiddelde mediadekking staatmaak om 'n akkurate prentjie te kry nie. Jy sal verder moet gaan soek vir betroubare inligting.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(8)

**'n Gemengde respons van Ja en Nee mag aanvaar word indien die vraag so beantwoord word.**

[50]



**VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1
- Godsdienstige verdraagsaamheid beteken die aanvaar en respekteer van ander godsdienste wat van jou eie verskil.
  - Op politieke vlak beteken dit dat alle godsdienste dieselfde behandeling moet kry.
  - Dit beteken dat mense toegelaat moet word om 'n geloofstelsel te kies en te aanbid volgens die godsdienste gekies. (4)
- 4.1.2
- Die Westerse idee van godsdienstige verdraagsaamheid is op Westerse oortuigings en kulture gebaseer wat die individu se regte bo dié van die gemeenskap stel.
  - Westerse godsdienstige verdraagsaamheid gee die individuele vryheid om jou eie godsdienste te kies.
  - 'n Persoon word ook toegelaat om jou godsdienste te verander.
  - Oosterse godsdienstige verdraagsaamheid beteken dat jy meet as een godsdienste terselfdertyd kan beoefen.
  - Jy kan die oortuigings en praktyke van 'n verskeidenheid godsdienste integreer, bv. 'n persoon het dalk Boeddhistiese oortuigings, maar beoefen Taoïstiese rituele.
- LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)
- 4.2 4.2.1
- Die geregshof is ingestel 'om Katolieke oortuigings en praktyke suiwer te hou'.
  - Dit was in die vroeë dae van die Protestantse beweging (Hervorming) toe Katolisisme alternatiewe interpretasies as dwaalleer/kettery beskou het.
  - Daar was in daardie tyd 'n aantal 'bekeerlinge' na Katolisisme uit Judaïsme en Islam.
  - Die Katolieke Kerk was bekommerd of die bekerings werklik of nie was ('... totaal bekeer was') nie.
  - Die Jode en Moslems kon 'steeds hulle vorige godsdienste in die geheim beoefen het'.
  - Indien wel, kon hulle deur die Spaanse Inkwisisie verhoor word. (6)
- 4.2.2
- NEE**
- Moslems en Jode is die opsie gegee om te bekeer of om Spanje te verlaat. Hulle kon nie 'vrye wil' beoefen om hulle godsdienste te kies nie.
  - Niemand sou vrywilliglik na 'n nuwe godsdienste bekeer en steeds hulle ou godsdienste in die geheim beoefen nie.
  - Dit kon slegs gedoen word as daar vrees vir viktimisasie was.
  - As slegs bekeerlinge onderwerp is aan 'beslegting deur vuur', was dit veiliger om Jode of Moslems te bly. (6)
- 4.2.3
- Apartheid is deur 'n korrupte interpretasie van die Bybel deur die NGK geregverdig, wat blykbaar aparte ontwikkeling van elke rassegroep geregverdig het.
  - Die kastestelsel in Hindoeïsme word gebruik om mense in kaste in te deel, waar hulle nie gelyk behandel word nie.
  - In party Moslem-gemeenskappe mag meisies nie onderrig ontvang nie, terwyl daar niks in die geskrifte is om dit te ondersteun nie.
  - Die Kruistogte teen die Moslems, is as 'n heilige oorloë geregverdig.
- LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

- 4.3
- Godsdiensvryheid is 'n mensereg.
  - Dit is in die Handves van Regte van die SA Konstitusie vasgelê.
  - As gevolg hiervan word alle godsdienste ewe veel gerespekteer.
  - Geen godsdienste word bo enige ander bevoordeel nie – almal word gelyk behandel.
  - Die Staat het die reg om in te gryp as een godsdienst die regte van 'n ander een skend.
  - Mense is vry om hulle godsdienste te kies en te verander, en om te aanbid en dit te beoefen.
  - Saam met hierdie reg kom die verantwoordelikheid om die godsdienste van ander te respekteer.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(8)

- 4.4
- 4.4.1
- 'Geseënd is die vredemakers' (Die Christelike godsdienst)
  - 'Ek gee jou vrede' (Die Christelike godsdienst)
  - Die Agtvoudige Weg van Boeddhisme moedig 'Ware pogings, ware opmerkzaamheid, ware konsentrasie' aan – meditasie
  - Hierdie lering bevorder die waarde van vrede, beide in jouself (opmerkzaamheid, meditasie), en uitwaarts, dra dit oor en versprei onder mekaar. Christene word aangemoedig om vredemakers te wees.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(4)

- 4.4.2
- Elke mens word na die beeld van God geskep (Judaïsme, die Christelike godsdienst, Islam)
  - Elke persoon is uniek (Judaïsme, die Christelike godsdienst, Islam)
  - Die Abrahamitiese godsdienste leer ons dat alle mense waardig en van onskatbare waarde is volgens hierdie leringe.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(4)

- 4.4.3
- Almal word gelyk deur Allah geskep. Daarom is ons deel van dieselfde familie, maak nie saak wat ons glo nie. (Islam)
  - Jy moet jou naaste soos jouself liefhê. (Die Christelike godsdienst)
  - Ubuntu (ATR)
  - Islam leer ons van die broederskap van die mensdom, dus gelykheid.
  - Die Christelike godsdienst en Ubuntu in ATR beklemtoon die opbou van die gemeenskap deur respek en gelykheid.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(4)

**[50]**

**VRAAG 5**

- 5.1
- Alle skole is oop en leerders van alle rasse, gelowe en godsdienste is welkom.
  - Daar mag teen geen kind gediskrimineer word op grond van godsdienstige oortuiging nie.
  - Dit word deur 'toegang tot onderwys' in ons Konstitusie gewaarborg.
  - Skole sluit Religiestudies by die kurrikulum in. Dit leer ons respek en verdraagsaamheid vir verskillende godsdienste.
  - Beide onderwysers en leerders word toegelaat om godsdienstige vakansiedae te onderhou.
  - Skole mag nie tydens skoolure enige godsdiens bevorder nie.
  - Kreatiewe Kuns is by die kurrikulum ingesluit wat ons oor verskillende godsdienste en kulture leer.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(8)

5.2 **JA**

- Aangesien daar geen staatsgodsdiens is nie, geniet alle godsdienste ewe veel ondersteuning vanaf die regering.
- Dit bevorder wedersydse respek en positiewe verhoudinge tussen godsdienste.
- Godsdiensvryheid is in die Konstitusie van Suid-Afrika vasgelê.
- Alle godsdienste word gerespekteer en gelyk behandel volgens die Konstitusie.
- By staatsgeleenthede, soos die inhuldiging van die staatspresident of die viering van openbare vakansiedae, bv. Erfenisdag, waar leiers van verskillende godsdienste genooi word om deel te neem.
- Verskeie kerke en godsdienste kom saam om te bid en saam te werk om algemene probleme aan te pak.
- In Suid-Afrika is daar organisasies wat intergeloofsdialoog bevorder, soos die Godsdienstige Leiersforum.
- Tydens die COVID-19-pandemie het verskeie kerke en godsdienste saamgewerk om die armes te help en om die verspreiding van die siekte te voorkom.

**NEE**

- Alhoewel intergodsdienstige verhoudinge nie sleg is nie, moet dit steeds aktief bevorder word.
- Ten spyte van inisiatiewe hier en daar, hou hele godsdienste hulleself meesal eenkant.
- Daar is steeds te veel eksklusivisme en skeptisisme.
- Indien intergodsdienstige verhoudinge as goed beskryf wil word, moet daar is nader, warmer en meer verwelkomende atmosfeer tussen hulle wees.
- Daar is nog baie om oor mekaar se godsdienste te leer.
- Ons moet bid en met mekaar omgaan en hulpbronne ens. met mekaar deel.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. 'n Gemengde respons van Ja en Nee mag aanvaar word indien die vraag so beantwoord word.**

(8)

- 5.3
- In 'n sekulêre land is godsdiens en die regering apart van mekaar.
  - Godsdiens beïnvloed nie hoe 'n land bestuur word nie.
  - daar is geen staatsgodsdiens nie.
  - Lidmaatskap van 'n godsdiens is 'n persoonlike, private, individuele saak.
  - Ons kan egter sê dat SA 'baie godsdienstig' is omdat , volgens statistiek, die meeste burgers beweer dat hulle aan 'n godsdiens behoort.
  - Suid-Afrika het gemeenskappe wat aan al die hoofstroom- godsdienstige groepe behoort, asook ander.
  - Dus, alhoewel die land sekulêr is, is daar vele plekke van aanbidding vir alle godsdienste.
  - Alle godsdienstige waarnemings word gerespekteer deur die samelewing en regering.
- LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (10)
- 5.4
- 5.4.1
- Getuie tot die woord binne 'n intergeloofsomgewing.
  - Konstruktiewe onderhandelinge met Moslems vir vrede.
  - Bestuur programme wat op vroue, jongmense, onderwys gemik is vir vrede en versoening.
- (6)
- 5.4.2
- Dit bring godsdienstig gemeenskappe, die samelewing, private sektor en regerings saam.
  - Gee opdrag vir vergadering van godsdienstige leiers wat die IFAPA-besluite neem.
  - Stig en registreer nasionale takke.
- (6)
- 5.4.3
- Onderhou die beginsels van verteenwoordiging, subsidiëring en solidariteit.
  - Ondersteun plaaslik geleide multigodsdienstige strukture binne RfP-netwerke op die kontinent.
  - Betoon eer vir die verskillende maniere waarop godsdienstige gemeenskappe in Afrika georganiseer word.
- LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)
- 5.5
- Om ander mense te behandel soos wat ons self behandel wil word.
  - Om ons daarvan te weerhou om pyn in beide die openbare en private lewe te veroorsaak.
  - Beroep op alle vroue en mans om barmhartigheid weer tot die middelpunt van moraliteit en godsdiens te herstel.
  - Om barmhartigheid 'n duidelike, helder en dinamiese krag in ons gepolariseerde wêreld te maak.
- LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)
- [50]**
- TOTAAL AFDELING B: 100**  
**GROOTTOTAAL: 150**